

Ons Haantjie

Nr 138

Mei 2019

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
6848 Villiersdorp

Tel: 028 840 0113

www.henning.org


E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Prins Philip sou by oom Hansie 'n les kon leer

Gedurende Januarie en Februarie 2019 was die sewe-en-negentigjarige prins Philip, eggenoot van koningin Elizabeth van Brittanje, twee keer in die nuus. Eers het hy sy blinknuwe spoggerige Range Rover voertuig omgegooi en 'n ongeluk met 'n ander voertuig veroorsaak. Van die passasiers in die ander voertuig is beseer. Onmiddelik het die media gevra of die prins op so 'n hoë ouderdom nog toegelaat moet word om te bestuur? Kwalik 'n week later is prins Philip betrap waar hy sy voertuig sonder veiligheidsgordel bestuur. Weereens was die hele wêreld in rep en roer oor hierdie "onverantwoordelikheid".

Dit het my laat dink aan wyle oom Hansie Henning van die plaas, Houtkop, distrik Rouxville.



Die honderdjarige oom Hansie Henning kom op 3 Februarie 1971 op sy eie met sy motortjie by die Rouxville stadsaal aan vir die verjaardagpartytjie wat vir hom gereël is

Vroeg in 1871 word Johannes Stephanus Henning op die plaas Stolskraal, distrik Rouxville gebore as die eerste kind van b1.c6.d6. Jan Hendrik Rudolf Henning

In ou Baltiese dialek was Hen = Haan (manlik), Henne =Hen (vroulik). Henning = Haantjie

*13-10-1844 en sy vrou Baltrina Frederika (gebore Botha). Hierdie klein Johannes Stephanus Henning was bestem om honderd jaar oud te word - die eerste Henning wat dit behaal het.



Oom Hansie Henning op sy honderdste verjaardag saam met sy seun Kerneels (Cornelis Francois *13-10-1905) en sy skoonogter Trienie

Die honderdtal is opsigself al uniek vir die mens. Maar rondom oom Hansie Henning van Houtkop, Rouxville se honderdtal was nog meer wat hom uniek gemaak het, naamlik die manier waarop hy op honderd nog geleef en opgetree het. Hy het soos 'n sterk man in sy laat sestiger of vroeë sewentiger jare daaruit gesien toe hy die dag honderd jaar oud was. As sodanig was hy byna 'n "besienswaardigheid", werklik 'n genetiese wonder!

Op sy honderdste verjaarsdag is 'n reuse verjaardagfees in die stadsaal van Rouxville vir hom gehou. Dit was geen "bejaarde ou oom" wat daar aangebring is en wat uit 'n motor gehelp en gedra moes word tot voor in die stadsaal nie; dit was 'n flink bewegende skralerige oompie wat self met sy eie motortjie daar aangekom het, flink uitgeklim en net so flink die stadsaal se trappe bestyg het. Trouens oom Hansie en sy motortjie was 'n bekende gesig op pad vanaf die plaas, dorp toe om by sy kuierplekkies smiddae koffie te drink.

In die stadsaal was alles in rep en roer. Die seremoniemeester, 'n kleinkind van 'n suster van oom Hansie en skoolhoof op Rouxville, Olof Henning (b1.c3.d10.e4.f6.g1.) was gereed met 'n vollengte program van heildronke, toesprake, sang en musiek. Daar was koek en tee en baie gaste; telegramme van Staatspresident Jim Fouché en Eerste Minister John Vorster. Een van die nommers op die program was die plegtige oorhandiging van oom Hansie se bestuurderslisensie aan die plaaslike verkeersbeampte.

Op 'n gegewe oomblik het oom Hansie die seremoniemeester dringend nader gewink en hierdie oorhandiging van sy rybewys gekanselleer, omdat hy "nog 'n bietjie wou ry".

Onvoorbereid het hy 'n skitterende toespraak, uit die vuis, gelewer, wat so uniek, sprankelend en spitsvondig was, dat 'n mens eenvoudig nie jou ore kon glo nie, veral as in ag geneem was dat die spreker een hele eeu oud was. Met verbysterende behendigheid het hy erns afgewissel met sprankelende humor; hy het die meer as 200 gaste dan geboei, dan weer laat skater van die lag.

Die strekking van sy toespraak was min of meer soos volg: "Ek is verheug om julle almal hier te sien. My lang lewe is in die eerste plek te danke aan die genade van

die Here". Hierop het hy 'n lang tyd uitgebrei en toe vervolg: "My lang lewe is ook daaraan te danke dat ek 'n kalm mens was. Ek kan nie mooi onthou of ek ooit 'n keer kwaad of baie opgewonde was nie. Daarby was ek altyd baie gesond en fiks. Ek het kort gelede nog van Houtkop af na my seun Jan se plaas Ebenhaezer gestap, sonder 'n kiere. (Die plase is ongeveer 6 km van mekaar). Ek het ook nie agter geraak by die tyd nie. Ek het die ossewa-tyd belewe en geniet, ek het in 'n Boeing gevlieg en ek glo die maanlanding van die ander dag. Ek sal hierdie kiere wat julle my vandag gegee het bêre en hom eendag gebruik, as ek oud is (geskater van die gehoor). Miskien kan ek hom maar solank vir my vier seuns leen. Kyk daar sit hulle al vier: grysaards!" (geskater van die gehoor).

Hy het verder in sy toespraak oor die vreugde wat die boerdery hom besorg het, uitgewei en die gemeenskap van Rouxville geloof vir die gesonde gees van kameraadskap tussen die mense van die Suid-Oos Vrystaat, en weereens die erns van die godsdiens en erkenning teenoor die Skepper gestel.

Aan die einde van sy toespraak het hy met 'n teatrale swaai van die hand gesê: "Weduvrouens! Hulle is my lewe!" (Groot geskater van die gehoor). In dieselfde jaar (1971) het oom Hansie 'n lenteloop van ongeveer 200 lede wat gestap het, gelei vir die eerste entjie. Toe sy broer Faan (b1.c6.d6.e5.) gedurende 1967 begrawe is, het hy gesê dat hyself nooit lank siek sal wees nie, maar sommer sal gaan lê en doodgaan. Nege maande na sy interessante 100-ste verjaardag het oom Hansie inderdaad effens siek gevoel, gaan lê, vinnig verswak en gesterf. Hy sal altyd onthou word as 'n genetiese wonder, wat tot op 100-jaar so merkwaardig sterk en gesond en flink gebly het.

Bondsekretaris Olivier Henning het 'n berig met hierdie strekking voorberei en vir al vier die Afrikaanse koerante in Suid-Afrika voorberei. Slegs Volksblad, wat in die Vrystaat versprei word, het 'n geredigeerde berig gepubliseer. Hulle het egter 'n persoon, Hendrik Smith (85) van Rouxville opgespoor, wat oom Hansie goed geken het. Hendrik vertel dat Oom Hansie gereeld elke Saterdag 'n pakkie pepermente by die winkeltjie van tant Babes Coetser gekoop en dan vir een van die weduvrouens in die dorp gaan kuier het. Dan bied hy haar 'n pepermentjie aan en hulle sit stil teenoor mekaar en suie. Na hulle 'n koffietjie gedrink het, staan hy op, sit sy hoed op, maak 'n galante buiging en ry terug plaastoe.

Die Eerste Vryheidsoorlog 1880/81

Met die opstel van die Henning Familiekroniek oor die afgelope nege-en-dertig jaar, was dit vir Olivier Henning moontlik om ook die krygsgeskiedenis van die Henning families te rekonstrueer. Daar was egter een swakplek in sy poging — hy kon nooit enige stawende bewyse vind van die betrokkenheid van enige Henning in die Eerste Vryheidsoorlog van 1880/81 tussen die ou Zuid-Afrikaanse Republiek en Brittanje nie. Olivier het dus die afgelope paar maande doelgerig probeer om hierdie leemte reg te stel.

Die Eerste Vryheidsoorlog van 1880/81 tussen die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR of Transvaalse Republiek) en Groot-Brittanje was sekerlik die interessantste van alle oorloë waarin die ontwakende Afrikanervolk betrokke was. In hierdie oorlog het die Boeremagte die Britsemagte in al die veldslae verpletterend

verslaan en Brittanje die grootste loesing en vernedering in sy hele geskiedenis toegedien. Tot vandag toe is hierdie die enigste oorlog waar die Britte die onderspit gedelg het.

Ongelukkig is die Eerste Vryheidsoorlog swak gedokumenteer. Al die argiefversamelings is onvolledig. Skrywer het dus die grootste kenner op die gebied van die Eerste Vryheidsoorlog, Dr Jackie Grobler, dosent aan die Universiteit van Pretoria, geraadpleeg. Hy het die volgende kommentaar gelewer:

“Tydens my navorsing het ek al die argiefversamelings oor die oorlog waarvan ek bewus was en steeds is, deurgewerk. Daar is nêrens 'n vermelding van enige Henning wat aan bedrywighede in verband met die oorlog deelgeneem het wat ek destyds belangrik genoeg geag het om op te teken nie. Daar was destyds geen kommandolyste nie en daar is geen vermelding van 'n Henning onder die burgers wat gewond is of gesneuwel het nie.

Ek kan nie aan enige bron dink wat wel die betrokkenheid van een of meer Hennings aan die oorlog aan die lig sal bring nie. Dit beteken nie dat daar waarskynlik geen Henning betrokke was nie. Inteendeel - dit is baie moontlik dat daar wel Hennings betrokke was.”

In die lig hiervan het Olivier Henning deur die hele Henning Familiechroniek gewerk ten einde alle Henningsmans wat gedurende 1880/81 in die ZAR gewoon het en wat tussen 18 jaar en 65 jaar oud was, te identifiseer. Hulle sal dus die enigste manne wees wat moontlik in een van die gevegsmagte van die Republiek kon gedien het.

Hierdie is 'n naamlys van al die Henning mans wat moontlik in die magte van die ZAR tydens die Eerste Vryheidsoorlog kon gedien het:

- a2.b5.c2.d13. Pieter Jacobus Henning *5-8-1852. Hy is gebore op die plaas Bulkop, Potchefstroom en boer later op die plaas Elandskuil, Potchefstroom;
- a2.b6.c4.d1.e5. Willem Hendrik Henning *5-6-1860. Na sy troue in 1877 woon hy en sy gesin op die plaas Waterval in die Koster omgewing van die distrik Rustenburg;
- a2.b6.c4.d3.e5. Pieter Jacob Henning *8-6-1860. Hy is in 1882 te Potchefstroom getroud en ons weet dat hy voor sy troue in die Potchefstroom distrik gewoon het. Ongelukkig is die plaasnaam onbekend;
- a2.b9.c1.d4. Izak Jacobus Henning *21-11-1852. Teen 1880 woon hy en sy gesin op die plaas Leliespan, distrik Lichtenburg;
- a2.b9.c3. Jan Hendrik Henning *8-1-1816. Hy trek teen ongeveer 1842 tot in die Transvaal. Die plase Hennopsrivier aan die Waterberg en Twee Rivieren aan die Selonsrivier is in 1840 aan hom toegeken;
- a2.b9.c3.d3. Hendrik Jacobus Henning *25-4-1843. Hy is in Pretoria getroud. Hy en sy swaer (S J Marais) het twee plase, Hammanskraal en Putfontein besit;

- a2.b9.c3.d7. Jan Hendrik Henning *11-1-1855. Hy is te Putfontein gebore. Daar word afgelei dat sy pa (hier bo) ook die eienaar van hierdie plaas was voordat sy broer die plaas by hul pa oorgeneem het;
- a2.b5.c2. Pieter Hendrik Henning *8-9-1804. Kort na sy tweede huwelik met Aletta Catharina Martha De Bruyn in 1836 trek hy op die spoor van die Groottrekleier, Andries Hendrik Potgieter na Potchefstroom, waar hy op die plaas Matjesspruit boer. Teen 1880 was hy 76-jaar oud en op grond daarvan word aanvaar dat hy reeds te oud was om saam met die republikeinse magte uit te trek.



Drie van die Henning mans wat moontlik in die krygsmagte van die ZAR tydens die Eerste Vryheidsoorlog gedien het. Links: a2.b6.c4.d1.e5. Willem Hendrik Henning *5-6-1860 van die plaas Waterval, Koster; Middel, a2.b9.c1.d4. Izak Jacobus Henning *21-11-1852 van die plaas Leliespan, distr Lichtenburg; Regs, a2.b9.c3.d3. Hendrik Jacobus Henning *25-4-1843 van die distrik Pretoria. Hendrik Jacobus is twee keer gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (ABO) verwond.

Volledigheidshalwe word ‘n kort relaas van die oorlog verstrek.

Gedurende Februarie 1877 verbreek die Britse regering die Sandrivier-Konvensie van 1852 waarin Brittanje die onafhanklikheid van die Boere-republiek gewaarborg het en annekseer die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR).

Aanvanklik aanvaar meeste burgers die anneksasie gelate, maar stadigaan begin meer en meer protesteer. Veral die Potchefstroomers kom in opstand. Op 10 Desember 1880 vergader ongeveer 10 000 burgers by Paardekraal (vandag Krugersdorp) en besluit om weer die onafhanklikheid van die Boererepubliek te herstel.

Op 15 Desember 1880 ry 'n Boeremag Potchefstroom binne en laat druk die Eerste Proklamasie by die plaaslike drukker. Boer en Brit het in 'n skermutseling betrokke geraak en daarmee het die Eerste Vryheidsoorlog begin.

Britse magte onder bevel van Kolonel Anstruther begin op 20 Desember 1880 met 'n opmars vanaf Lydenburg na Pretoria om Britse gesag weer af te dwing, maar word by Bronkhorstspuit voorgekeer. In 'n kort bloedige geveg het Genl Frans Joubert en 150 man die Britte binne 10 minute vernietigend verslaan. Dit het in die geskiedenis bekend geword as die Slag van Bronkhorstspuit.

Agt dae later word 'n Boeremag onder bevel van Genl Piet Joubert wat by Laingsnek, Oos van die berg Majuba ingegrawe was, deur 'n Britse mag onder aanvoering van Genl Colley aangeval. Weereens word die Britte vernietigend verslaan — die Slag van Laingsnek.

Op 8 Februarie 1881 trek 'n vertoonmag onder aanvoering van Genl Colley uit sy kamp by Mount Prospect op die pad na Newcastle. Hy wil die Boere wat sy konvoie op die pad aanval, 'n les leer. By Skuinshoogte, naby Ngogo verslaan Genl Nicolaas Smit en sy burgers die Britte na intensiewe gevegte. Hierdie slag kry die naam, Die Slag van Ingogo of Die Slag van Skuinshoogte.

Die laaste en mees verwoestende geveg tussen die Britse- en Boeremagte vind plaas op 27 Februarie 1881 by die berg Majuba. Genl Colley en sy mag het die kruin van berg Majuba beset, om van daar af te kyk op die Boerestellings by Laingsnek. Met superieure krygsvernuif het Genl Nicolaas Smit en sy mag die Britte uitoorlê en hulle 'n vernietigende nederlaag toegedien.

Die veldslag het daartoe gelei dat die Britse bevelvoerders op 21 Maart 1881 'n vredesooreenkoms geteken het. Hierdie was die enigste oorlog in die geskiedenis van Brittanje wat hierdie supermoontheid verloor het en was sekerlik die grootste vernedering in daardie land se geskiedenis, wat hulle later sou wou wreek.

Alhoewel daar nie baie soldate by die slag van Majuba betrokke was nie, was die veldslag belangrik, om die volgende redes:

'n Vredesooreenkoms is geteken, wat later tot die Pretoria-konvensie tussen die Britte en die jong Suid-Afrikaanse Republiek (ZAR) gelei het en die Eerste Vryheidsoorlog beëindig het.

Naas Bloedrivier, was die slag van Majuba vir die Boere die belangrikste in hulle geskiedenis, want dit het hulle eie volksbestaan bevestig en hulle die selfvertroue en nasietrots in hulle taal en kultuur gegee wat gelei het tot latere taalbewegings en weerstand teen Groot-Brittanje tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Die vuur-en-bewegingstaktiek wat Generaal Smit en die Boere gebruik het tydens die bestorming van die berg, was 'n nuutjie en is eers jare later deur ander leërs gebruik.

Die Britte kon die vier volslae nederlae (Bronkhorstspuit, Laingsnek, Skuinshoogte en Majuba) nie gou vergeet nie. Dit het waarskynlik gevolge gehad tydens die Tweede Vryheidsoorlog, beter bekend as die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902: "*Remember Majuba!*" het 'n strydkreet geword. In hierdie oorlog het Brittanje alles in sy vermoë gedoen om sy nederlaag in die Eerste Vryheidsoorlog te wreek en hierdie wraak het onmenslike dinge ingesluit, soos die "Verskroeiende Aarde" beleid en die stigting van konsentrasiekampe, waar duisende Boerevrouens en kinders op 'n slinkse wyse om die lewe gebring is.

Henning Tragedie in Middelburg

Danie Brand Henning (33) *17-4-1985 (a2.b5.c4.d1.e1.f2.g3.h4.i1.) is op Saterdag 2 Februarie 2019 doodgeskok op sy huis se dak in Suidstraat, Groenkol, Middelburg, Mpumalanga terwyl hy hulle Dstv skottel wou regmaak.

Sy vrou, Natasha, sê sy weet nie hoekom sy en die kinders nie ook geskok is nie, want sy en haar seuntjie het later tot by hom gekruip. Hulle het wel die trillings van die elektrisiteit gevoel en haar dogtertjie is ook geskok toe sy aan 'n leer gevat het.

Mev Natasha Henning sê hulle is nie seker presies hoe laat haar man oorlede is nie, aangesien sy hom eers omstreeks 15:00 uur op die dak gekry het.

Hy was die oggend 09:00 uur by haar werk (Studio 27) en gesê dat hy 'n seintoetser by 'n vriend gaan leen om hul Dstv skottel reg te maak. Hy wou daarna gaan lê, omdat hy nie lekker gevoel het nie. Dit was die laaste keer wat sy met hom gepraat het.

“Ek het hom nie gebel nie, want ek het gedink hy het gaan lê, omdat hy sleg voel.” Natasha het kort voor 15:00 uur tuisgekom en gesien die leer staan teen die muur wat na die dak lei.

Sy het haar man begin roep, maar hy het nie geantwoord nie en sy het in die huis verder gaan soek. Hul kinders, die sewejarige Danie en agtjarige Danisha, het intussen gevra of hulle kan gaan swem.

Natasha het skielik duiselig gevoel en het besluit om op die bed te gaan lê. Terwyl sy gelê het, het sy besluit om haar man se vriend te bel om te hoor hoe laat hy daar was.

“Ek het op daardie stadium gedink hy het gou saam met iemand gery.”

Danie (jnr) het skielik by die kamer ingehardloop gekom en vir haar gesê: “Pappa lê op die dak en slaap!”



‘n Foto wat kort voor Danie Henning se ongeluk van hom en sy gesin geneem is. Saam met hom is sy vrou, Natasha en kinders Danisha en klein Danie

Natasha is dadelik na buite, waar sy teen die leer opgeklim het, met klein Danie agterna. Die oomblik toe sy by die bopunt van die leer kom en aan die dak raak, het sy 'n sterk elektriese skok gevoel, maar het haar man 'n klein entjie verder sien lê en besluit om tot by hom te kruip. Nog voordat sy kon keer, het klein Danie agter haar opgeklim en huilend die elektriese trillings trotseer.

“Ek wou nie hê hy moes sy pa so sien nie, maar dit was te laat. Hy het hom reeds gesien.”

Volgens Natasha lyk dit na aanleiding van 'n merk op die Dstv paal of haar man ook daaraan gevat het. “Die elektrisiteit is by sy tone uit.”

Natasha sê sy kon sien haar man was al geruime tyd dood en het vir haar seuntjie gesê dat hulle moet afklim dat hulle hulp kan gaan soek.

Op hierdie tydstip het Danisha, wat op die grond gestaan het, geweldig begin huil. “Sy is geskok die oomblik toe sy aan die leer vat.” Natasha sê sy en klein Danie het ook die elektriese skokke gevoel soos hulle nader gekruip het na die leer toe.

“Ek verstaan nie hoekom Danie dood is nie. Ek en my kind is ook geskok, maar ons is nie ernstig beseer nie. Ons moes dan ook dood gewees het.” Sy vermoed dat hy tussen 10:00 uur en 15:00 uur gesterf het, aangesien daar niemand anders saam met hom tuis was nie.

Natasha het haar man beskryf as 'n stil persoon wat altyd alles vir sy familie wou doen. “Dit is hoekom hy op die dak geklim het om die Dstv reg te kry.” Die gesin het gedurende Desember 2018 by dié huis ingetrek.

Daar word nog gewag vir 'n lykskouingsverslag en die uitslag van die munisipaliteit se ondersoek oor wat die oorsaak vir die elektriese skok kan wees.

Ons het verskeie geslagte van hierdie familie nog nie in die familiechroniek op rekord gehad nie. Natasha en verskeie van haar man se familielede het ook slegs beperkte inligting oor hulle voorsate gehad. Met goeie speurwerk kon ons egter vyf geslagte van hierdie tak van die Henning familie rekonstrueer en agt-en-twintig persone byvoeg. Dit is die grootste getal mense wat ons in baie jare op een slag kon byvoeg.

Danie se pa – ook Danie - is in 2005 oorlede. Sy oupa en ouma was a2.b5.c4.d1.e1.f2.g3. Douw Gert Brand Henning en Hester Susara Kirk. Ons kon hulle opkoppel by Douw se pa – ook Douw Gert Brand Henning gebore Oktober 1879 en sy vrou Emmarensa Isabella Fouche. Daarna het al die legkaartstukkies in plek geval.

Alwyn Henning midde in Schweizer-Reneke Rasseherrie

Gedurende Januarie 2019 het 'n politieke bom op die pragtige, rustige, plattelandse dorp, Schweizer-Reneke gebars, toe al drie die groot “reënboognasie” politieke partye en die provinsiale onderwysdepartement op opportunistiese wyse 'n onskuldige Afrikaanse Graad-R skooljuffrou van rassisme beskuldig en geskors het.

Juffrou Elana Barkhuizen het foto's met haar selfoon van een van haar kollegas se klas op hul eerste skooldag geneem en na die ouers van die betrokke kinders gestuur, met die bedoeling om die ouers gerus te stel dat hul bloedjies in goeie hande is. Ongelukkig wys een van die foto's hoe al die wit kindertjies (almal 4 tot 6 jaar oud) by die hoof tafel sit, terwyl 'n paar swart kindertjies eenkant by 'n ander klein tafeltjie sit.

Dit is onmiddelik deur die politieke wolwe en die LUR vir Onderwys in die Noord-Wes Provinsie as blatante rassisme geëtiketteer, terwyl die arme skooljuffrou hierdie kindertjies eenkant laat sit het, omdat hulle nie Afrikaans of Engels kon praat of verstaan nie en sy afsonderlik, met die hulp van 'n tolk, in hul eie taal aandag aan hulle wou gee.



Jean van Biljon en Runé van Straaten tydens hulle troue op 23 Maart 2019



Sauer en Runa van Straaten tydens hul dogter, Runé se huwelk met Jean van Biljon

Die skoolhoof van die Laerskool Schweizer-Reneke is a2.b1.c3.d12.e1.f1.g6.h1. Alwyn Petrus Henning, gebore 28-6-1966. Hy is, net soos Elana Barkhuizen, brutaal geboelie.

Ons het besef dat Alwyn onder soveel druk van die politieke wolwe en die Onderwysdepartement verkeer dat ons hom nie nou moes kontak nie. Eendag, na die verkiesing, as die herrie verby is, sal ons graag by Alwyn die volle storie wou hoor.

Troue

Op 23 Maart 2019 is Runé van Straaten *14-11-1993, dogter van Simon Sauer van Straaten en Rubina Theunissa, gebore Henning (a2.b7.c8.d8.e5.f5.) van Pretoriuspark, Pretoria in die eg verbind met Jean van Biljon *28 Maart 1987 by die pragtige “My Castle@Royal Jontica” in Garsfonteinweg, Tierpoort.

Hierdie pragtige en genotvolle bruilof is deur ongeveer 80 familielede en vriende van die bruid en bruidegom bygewoon en hoewel almal nog baie jare sal praat oor hierdie wonderlike troue, was daar niemand wat die geleentheid meer geniet het as die bruidspaar self nie. Hulle het tot in die vroeë oggendure dit op die dansvloer uitgekap en net ‘n paar bittereinders kon by hulle kersvashou.

Jean van Biljon is die seun van wyle Louis Petrus van Biljon en Hester Lazaya Johanna Boock en stiefseun van sy ma se tweede man, Vincent Lumley.

Jean en Runé werk beide vir Beefmaster Voerkraal in Christiana, waar Jean die bestuurder vir voedselveiligheid, gesondheid en die omgewing is. Runé is Voorraadbestuurder en Aankoper vir die onderneming. Hulle woon sommer op die plaas waar hulle werk.

Henning Virtuele Museum

Ons is steeds besig om die Henning virtuele museum uit te brei en alle Hennings word vriendelik uitgenooi om van tyd tot tyd by die Henning Webwerf, www.henning.org te gaan kyk. Skryf asseblief ook vir ons in die gasteboek hoe u die vertoning ervaar.

Marthinus Henning van Welkom het gedurende Desember 2018 Aliwal-Noord toe gery om foto's van ons uitstalling in die Kerkplein museum te gaan neem.

Met die bou van die Henning uitstalling in 1991 het wyle oom Len Henning die vertoonkaste op 'n geheime manier gesluit. Ongelukkig is al die vrywilligers wat geweet het hoe om die vertoonkaste oop te sluit, reeds oorlede en is daar nou nie meer iemand in Aliwal-Noord wat weet hoe om hierdie kaste oop te sluit nie. Marthinus kon dus nie enige van die artefakte in die vertoonkaste fotografeer nie.

Bondsekreteraris, Olivier Henning beplan nou om teen die einde van April 2019 Aliwal-Noord toe te ry, om self die vertoonkaste te gaan oopsluit en al die artefakte af te neem.

Nuwe Familiekroniek

Gedurende 2004 het Rudolf Henning van Bellville voorgestel dat ons die Henning Familiekroniek op laserskyf (CD) moet uitgee. Daardie tyd het rekenaartegnologie so vinnig vooruitgegaan dat dit sinvol sou wees om na hierdie tegnologie oor te skakel. Drukkoste van boeke was so astronomies hoog dat dit buite die vermoë van die familiebond begin raak het.

Rudolf wat 'n voorslag programmering-ghoeroe is, het gevolglik aan die werk gespring en na baie ure se harde en intensiewe werk met 'n produk vorendag gekom, wat baie meer gebied het as wat ons ooit voor kon hoop.

Vir die afgelope vyftien jaar het die familiekroniek op CD uit ses afdelings bestaan, nl 1. Oorsprong en betekenis van die naam Henning; 2 Familiewapens; 3. Geslagsregister; 4. Foto's; 5. Databasis en 6. Skyfievertoning oor die stamvader.

Ons is baie trots op ons Henning Familiekroniek op laserskyf (CD), maar soos mens maar altyd probeer om 'n produk te verbeter, het ons begin besef dat ons veranderinge aan die Familiekroniek sal moet aanbring, om 'n duideliker beeld te skep van al die verskillende Henningstamme in Suid-Afrika. Die omvang van die Familiekroniek het ook so groot en uitgebreid geraak dat verandering nodig geword het. Daar is byvoorbeeld meer as 15 000 lêers en die rekords van 12 605 persone (6271 mans en 6334 vrouens) op die CD.

Om 'n beter beeld van die hele kroniek van al die Hennings in Suid-Afrika te skep, het Olivier vyftien afdelings geïdentifiseer, nl 1. Oorsprong en betekenis van die naam Henning; 2. Familiewapens; 3. Databasis; 4. Verskillende Henning stamme in Suid-Afrika; 5. Stamvader Christoffel Henning (a1); 6. Stamvader Peter Henrich Henning (a2); 7. Stamvader Georg Friedrich Henning (a3); 8. Stamvader Johan Wilhelm Henning (a4); 9. Stamvader Carl Christian Hennings (a5); 10. Krysgesiedenis; 11. Foto-albums; 12. Navorsingsbronne; 13. Familiebond; 14. Stamvader Skyfievertoning; 15 Virtuele Museum.

Met hierdie onderverdeling sal dit baie makliker wees om met die druk van 'n paar knoppies by enige inligting oor enige Henning of aangetroude uit te kom.

Ons wil werklik ‘n beroep op alle Hennings doen om dit te oorweeg om so ‘n nuwe CD aan te skaf. Ons hou die prys van die CD presies dieselfde as voorheen, nl R125.00 plus R10.00 posgeld. U gaan nie net ‘n op-datum, verbruikervriendelike familiechroniek ontvang nie, maar u dra ook by tot die koffers van die familiebond

Geldsake

Ons wil weereens baie dankie sê aan al die welmenende Hennings wat oor die afgelope drie maande donasies vir die Familiebond aangestuur het. Ons wil almal opreg bedank vir hierdie pragtige gebaar. Dit toon duidelik dat die Henning Familiebond belangrik en op die regte pad is.

Ons wil almal die versekering gee dat elke sent van hierdie geld in belang van die Henning familie en in besonder die Henning Familiebond bestee sal word.

Ons bedank eerstens die sewe lede wat gereeld maandeliks deur middel van ‘n debietorder bydraes lewer. Dit is van onskatbare waarde vir die Familiebond. Sommige van hierdie lede dra so mildelik by dat dit oor ‘n tydperk van ‘n jaar ‘n bedrag van meer as R2000.00 behels.

- Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Montanapark, Pretoria
- Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria
- Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria
- Pieter Hendrik Henning en sy vrou Anna van Durbanville
- Runa en Sauer van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria
- Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië
- Pieter Jacobus Stephanus Henning van Ramsgate

Dan het die volgende lede eenmalige bydraes oor die afgelope drie maande aangestuur:

- JJP (Jan) Henning van Bloemfontein – R200.00
- Mev Marita (M C E) Henning-van Dijk van George-Oos – R100.00
- Mev Elizabeth (E M) Dirker en haar man Gerhard van Kockspark, Potchefstroom – R200.00
- Dr Pieter (PFJ) Henning van Marblehall – R400.00
- Stanley en Mary-Ann Henning en hul 2 werkende kinders – R600.00
- Marlen Page, Polokwane – R300.00
- Mev ES (Ellie) Henning van Noorsekloof – R50.00
- Gerhard (GS) Henning en sy vrou Deidré van Royldene, Kimberley – R300.00

Ongelukkig blyk dit dat die getal Henning’s wat bydraes lewer elke jaar afneem, wat ons finansies natuurlik onder druk sit. Onthou asseblief, geen bydrae is te klein nie en dra by tot die voortbestaan en vooruitgang van die Familiebond.

**Die besonderhede van die Familiebond se lopende rekening is as volg:
FNB Villiersdorp (Tak 200 712); Rekeningnaam – Henning Familiebond;
Rekeningnommer – 6265 7601 483. Gebruik asseblief u voorletters en van (en as dit moontlik is, u lidnommer), as verwysing wie die deposito gemaak het.**

Henning Aandenkings

Ons het steeds die volgende Henning aandenkings beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos (olie4@henning.org) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing**

Die nommer by elke item stem ooreen met die nommers op die foto

1. Henning CD — R125.00 elk plus R10.00 posgeld
2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
3. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk
4. Lapelwapens — R30.00 elk
5. Teelepels — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as ‘n stel van ses of meer, saam met ‘n suikerlepel, of individueel in ‘n teelepel versameling**
6. Mansjetknope — R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in ‘n vertoonkas vertoon word. Sal ook ‘n mooi erfstuk word**

Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit ‘n ekstra R30.00 sal kos. Aflewering d.m.v Postnet kos R99.00 vir ‘n pakkie van 1 Kg.

Tensy u ‘n groot bestelling van verskeie items plaas, behoort die posgeld nie meer as R20.00 te wees nie. Wees verseker! Ons het nog nooit ‘n pakkie in die pos verloor nie.

Ondersteun asseblief die familiebond.

